Som van ons lees 'n boek. Som van ons kan onself 'n geskenk gee byvoorbeeld on blomme te koop. Die ander ding wat ons nie baie doen nie is om mekaar te "kielie" om weer te lag. **(Laughter)**

JB : Ek kan baie lag.

SG : Sien julle die idees wat hulle vir ons gee. Baie tyd is ons te besig. Kan ons verder aangaan?

ALL : Ja, Ja!.Ja !!!

JB : Die is baie interessant.

SG : Okay , ons kinders is nou terug by die huis en ons as ouers voel al klaar skuldig dat ons kinders weggestuur was na die kindershuis. Nou is ons se verhouding met die kinders nie so lekker nie . Baie van die ouers wie die vorm inge vul het, het gevra dat ek moet meer praat oor verhouding tussen ouer en kind . Die enigste manier hoe ek dit kan voorberei

was om die ouer te wys hoe om hulself te leer ken as hulle hulself ken sal hulle dan tyd maak om hul kinders te leer ken. Dan is die verhouding veel beter. Ons gaan nou 'n oefening doen.

(Hand out the page to each other.)

Circle the person who has most supported you. Either your Mom, daddy, grandpa, grandma, or your child, or your friend, neighbours.

(Explained it in Afrikaans)

Hou dit nou by julle en dan kan ons daaroor praat. Dink aan die persoon wie jou baie geondersteun het.

SG : Hoekom het jou oupa vir jou baie ondersteun?

JS : My oupa, ja, hy het my baie beskerm van pak en het my altyd in die kas weggesteek.
Toe ek getrou het met my eerste man, my oupa het ons altwee lief gegee.

SG : Hoe het dit vir jou laat voel ?

JS : Die het my laat lekker voel.

SG : But I mean how did you feel knowing that here your grandfather was supporting you.

JS : Ek het gelukkig gevoel **(Silence)**

IB : My ma het my baie ondersteun nie om my op te pik of so nie, het altyd gepraat oor my drinkery - ag! Die ou vrou wil net "moan" en "moan" het ek gedrink en vandag is sy nie lewendig nie maar ek aanvaar dat sy my lief gehad het. **(Silence)**

FS : Kan ek iets sê.

SG : Wie het jy gekies FS ?

FS : My mammie!.....

SG : Okay, nou hoekom dink jy, het jou mammie vir jou so goed gesuport?

FS : Ek is baie lief vir my mammie. As ek skool toe gaan dan neem sy my skool toe en dan haal sy vir my half pad. As ek van die skool afkom is dan alles gereed vir my en dan kan ek sit en eet, uitrek, huisklere aantrek, gaan speel, my ma was baie goed vir my.

RJ : My ma was baie goed vir my. Sy het my altyd gewas. En as sy by my blommetjie kom dan sê ek nie mamma met nie daar was nie. **(Laughter)**

Ek was dan self my blommetjie. My pa het my nie baie liefde gegee nie maar my ma het my baie liefde gegee. My pa het nooit vaarvan gehou as my ma eenkant sit en 'n bietjie grappies vertel. My pa het nooit 'n moor word gehad nie. Hy het altyd lelik woorde gebruik en my ma het ons altyd liefde gegee.

CA : My pa het my baie ondersteun, want die dag toe ek swanger raak me N toe is ek maar net 15 jaar en toe is my ma baie kwaad. Hulle het net gehoor ek is swanger. Ek myself het nie geweet ek is swanger nie. Toe ek uitvind was ek al nege maande al. Toe N uit die hospitaal uikom toe sê my ma ek moet my klere vat en loop toe sê my pa nie, maar toe ek my ma N vat, toe is ek weer my ma se kind en N is haar kind. Sy het tot vandag toe, N grootgemaak. Ek is vandag toe nie spyt nie. Ek is lief vir haar en hom.

JB : My pa het vroeg gesterf en my ma was maar altyd daar vir my. Sy het gesorg dat ek skool gaan. My ouma het vyftien kinders gehad en my mamma het gehelp agter die kinders kyk. My ma moes gewerk het in die huis in, so kon sy nie skool toe gaan nie, maar sy het gesorg dat ek skool to gaan. Ek was later aan, sekretaresse in die huis.

SG : So almal van julle het “memories” van iemand wat julle geondersteun het in ‘n tydperk in julle lewe. Dis ook memories wat julle het, wat julle help met julle eie kinders.

Almal: Ja, Ja, reg.

SG : Baie keer dink jy aan die persoon wat julle ondersteun het, en jy probeer om soos daai persoon te wees vir die kind op sekere tye. Voordat jy ‘n goeie verhouding kan bou slkdjif jy kan dit op drie punte hou. Respek, vertroubaarheid (**trust**). Verantwoordelikheid. Maar voor ons by daardie punte kan kom is dit belangrik om te weet wie is jou kind. Wat het die kind nodig, what is the child’s needs?

IB : Die kind het liefde nodig.....

JB : Ons moet weer luister na ons kinders.

IB : Ons verhouding is ook belangrik vir die kind.

SG : Verhoudinge. Ons gaan oor die drie aspekte praat : support, belonging, self respect. As ek vir jou vra wat het die kind weer nodig en jy sê vir my ons moet meer vir die kinders luister. Wat bedoel jy by dit? Wat sê jy vir my?

JS: Daar het miskien iets gebeur in julle skool en hulle luister wat met hulle gebeur.

SG: Hoe sal jy nou luister as ‘n kind na jou toe kom en sê hy/sy het ‘n probleem.

IB : Ek sal sê die kind moet sit en ek sal self sit en dan luister was hy/sy het om te sê. Maar ek sal al my aandag gee aan die kind.

JB : Luister om te verstaan, ons moet mekaar verstaan dan sal dit beter gaan.....

- CA : Soos my dogter kom na my toe die een dag, sy het mos 'n boyfriend, toe praat sy met my oor hom, toe sê sy vir my sy is baie lief vir hom maar hy doen iets was lief nie moet doen nie. Toe ek vra wat is dit. Maar sy will nooit daarmee uitkom nie, maar toe sê sy my man vir my hy het 'n ander meisie, en toe roep ek vir haar en ek sê vir haar kom ons praat oor dieselfde storie, wat ons gepraat het van tevore en toe sê ek vir haar ek het gehoor hy het 'n nuwe meisie, toe sê sy ja en sê toe dan vat jy nie vir hom nie en jy los vir hom. Eendag sal daar 'n beter outjie wees vir jou. Toe het sy na my geluister en die outjie gelos.
- SG : Wat jy kan aflei is dat dit belangrik is, dat elkeen van julle moet luister. En dis hoekom ek gevra het hoe luister julle want dit is belangrik as ons vir 'n kind luister dat ons nie besig is met huiswerk nie. Soos JB gesê dit belangrik is dat ons mekaar verstaan en soos IB gesê het "laat die kind sit". Hoekom het jy dit gesê, wat het jy ervaar?
- IB : Nee, ek het altyd vir R, gesê hy moet sit en met my praat. Hy't toe vir my gesê hy het lekker gevoel toe hy praat want ek het geluister. Ek het daardeur geleer.
- SG : Ons moet ons kinders in die oë in kyk terwyl hulle met ons praat. Ons wys vir hulle, dat hulle belangrik is en daardie tydperk, on alles te los en ons volle aandag aan hulle te gee. Hoe support ons die kinders? As ons ondersteuning wil gee, wat doen ons? **(Pause)**
- IB : Die kind moet voel my behoort aan die familie.
- SG : Ja, jy is reg, IB. Die kind moet voel hy is pad van die familie. Sodra hy uitvoel, gaan hy teruggetrokke wees en weg trek van jou. Maar as 'n kind weet hy\sy is pad van die familie sal hulle besef en soos hulle ouer word, byv. ouderdom van 14/14 jaar baie hulle gaan deur fase, stadiums, waar hulle nou voel pas ek by die familie of nie. Pas ek miskien by my vriende of ander familie en dus die tye, wanneer die kind meer geheg is aan die ouma, aan die pa se kant en dan irriteer dit vir die ma. Miskien voel die kind hy behoort nie aan die familie nie, maar die paterne ouma verstaan beter die kind. Want daar is dinge

wat die ouma doen wat die kind na haar toe trek. Maar sy het ook meer ervaar haarself. Onthou net die kind gaan deur die fase nie jy nie, maar jy moet die kind ondersteun. As jy jou kind wil verloor deur die bende dan moet jy opspring en julle terug wen. Soen hulle of gee hulle 'n drukkie. **(Laughter)**

Ek weet hulle hou nie daarvan nie voor hulle vriende nie. Maar doen dit. **(Laughter)**

RJ : Ja ! D, raak skaam as ek dit aan hom doen. **(Everyone laughing)**

SG : Onthou baie kinders kry nie liefde nie. Die ander aspek is die self-respek. Die selfbeeld van die kind. Hoe om hulle te "praise" en positief te wees as hulle goed gedoen het. As 'n kind iets negatief gedoen het, ek sal nog altyd sê wat jy gedoen het is verkeerd maar ek is nog altyd lief vir jou as kind, maar ek is nie gelukkig oor die daad wat jy gepleeg het. Then you separate the deed from the child. Then the child know it is not me you don't like but the deed. Some children will just take the negative and not look at the positive. So we have looked at supporting the child, listening to the child and building the child's self-esteem, through, how?

IB: Om die kind te "praise" ..

SG : Yes, encourage the child. Ja, jy kan dit goed doen, moenie worry nie, al was dit moeilik jy het dit goed gedoen. As die kind nou nie goed punte kry vir die eksamen nie en jy weet hy/sy het hard gewerk, bemoedig en sê man daar is 'n nog 'n eksamen waar jy 'n nog 'n kans sal kry .

IB : Bevoorbeeld, my seun R, moet werk toe gaan. Ek sê "R" gaan jy nie werk toe nie.". "Mamma, dit reën baie hard **(Laughter)**, ek sê vir hom ander dag as jy gaan vrou vat gaan jy ook skuil vir die reën. Toe ek weer kyk, sien ek hy staan op en gaan badkamer toe. **(Laughter)**

- SG : Sien, IB, jy het nie aangegaan soos som ouers, skreeu hul kinders en maak dit erger. Die laaste topic gaan oor die verhoudinge wat ons bou. How to build healthy relationships..ons het oor respek gepraat, verantwoordelikheid en vertroue. Hoekom dink julle is hierdie drie faktore belangrik vir 'n goeie verhouding?
- SG : Kan ons met respek begin? Hoekom moet ons mekaar respek? Ek will graag hê julle moet my sê onthou dit is julle groep.
- JS : Ek sal sê respek goes a long way. Dis altyd wat hulle sê in my huis. My man sê ja die bybel sê jy moet respek het teen jou ma and pa.
- IB : As jy nie mekaar respek toon nie dan is daar nie meer dissipline nie.
- JB : Baie mense sê daai klong of kind , hy het niks respek vir mense nie. Hoe was hy geleer?
- JS : Ja, Ja, dis waar.
- CA : As ek nou nie vir R, respek toon nie, hoe gaan ek myself respekteer?
- SG : Ditsem! Hoekom is dit belangrik vir ons om ons kinders te leer van respek?
- JB : So dat mense van hulle kan hou. Ek dink dit is baie belangrik. Ek voel baie trots as iemand vir my sê jou kind het mooi maniere. Hy's goed opgebring. Jy moet respek het vir jou en dan aan jou naaste en dan moet jy jou kinders leer om respek te hê vir groot mense.
- SG : As jy jou kind leer om respek te hê vir homself dan gaan hy nie toelaat dat ander mense hom disrespek nie. Veral as ons van die meisie praat. As jy hulle leer om respek te hê vir hul liggaams, sal daar nie probleme wees nie met verhoudinge nie.

IB : Ons moet ook hulle opinie vra.

SG : Ja, dan leer jy hulle om met jou te kommunikeer. Ja, om die kind se opinie te vra, wys daardie kind dat sy opinie ook belangrik is. Dan wys dit vir daai kind, Ja ek het ook gedagtes, ek het ook 'n brein. As Mammie my opinie vra dan is ek ook belangrik. Ons gaan baie swaar deur dit maar ek hoop julle verstaan wat ek probeer sê en julle verstaan was ek probeer sê en julle leer hier uit.

RJ : Ja, ek het baie geleer en kan sien waar ek die foute begaan.

SG : Môre sal ons verder daaroor praat. Kom ons praat oor verantwoordelikheid. Kyk jy het 'n responsibility oor jou kind. Wat dink jy is die responsibility van jou man in jou verhouding my hom.

RJ : As iets gebeur het met hom dan moet ek kan daar wees as 'n vrou en dan kan praat, kan help waar gehelp moet word en moeilikheid kan keer.

SG : En wat is sy verantwoordelikheid teenoor jou as sy vrou.

RJ : Hy moet kan, as iets verkeerd gaan in ons huwelik, moet hy ook kan bystaan en my help met alles. My bystaan en verantwoordelik wees met enigiets wat in my lewe aangaan.

SG : Dit is belangrik want as ons nie kan leer om verantwoordelik te wees vir and met mekaar as man en vrou. Hoe gaan ons ons kinders leer. Dit begin met die ma want wat baat dit vir die kind as die man gaan alles oor vat wat die pa moet doen en dan lees die kinders / dat mammie vat alles oor en mammie vat al die verantwoordelikheid en ek sê altyd veral die ma's was soms het, hulle moet bair versigtig wees. Want na 'n tydjie dan soek die seun vir 'n persoon wat miskien alles kan oorneem en dit is belangrik dat ons sien wat ons dien in tome van ons verhoudings. Ek het al met baie ouers gepraat waar hulle vir my

gesê weet jy (in terme van hul huweliks probleme) ek verstaan nie my man wil geen verantwoordelikheid neem nie, dit maak net nie sin vir my nie, maar dan vind jy uit daai mammië, het eintlik al the verantwoordelikheid uit die kind se hand, miskien moes die kind die huis geverf het, dan neem hy te land en dan vat die ma oor of miskien moes hy die vloer geskrop het, dan vat sy oor.

All : Ja, Ja, dis waar.

SG : Of self, byvoorbeeld, die dogter wat weghardloop as dit tyd is vir haar om op te was. Dan sê die ma, okay, ek gaan dit doen. Wat leer sy die kind, sy leer daai kind om weg te loop, vat haar takkies af want hardloop sy weg. Later van haar probleme, verantwoordelik.

RJ : Die selfde soos my dogter, sy het haarself mooi opgepas en ek her haar 21ste gevier en ek het dit op 'n ander manier gefees. Ek het 'n biduur gehad en later het sy 'n drank partytjie gehad. Die aan was wy hell op en af en dit wad die eerste aan was sy gedrink het, ek was baie teleurgesteld en 'n paar dae later het sy besluit om uit te trek - sy gaan bly met 'n outjie. Ek het haar gaan haal, met haar gepraat en toe het sy weer die huis verlaat. Ek het haar 21ste verjaardag rok geneem. Dit in die sout water - en op sout water gebid en nou is sy weer terug by die huis.

SG : Jy sien as ons nie vir hulle verantwoordelikheid leer nie, dan sal hulle vir ons sê maar mammië het ons nie verantwoordelikheid geleer nie. Ja, as ons kinders trou is hulle nie meer in die huis. Hulle het dan hulle eie verantwoordelikhede. Dan is daar probleme wat hulle moet kan hanteer want jy is nie altyd met hulle nie. Dis hoekom dit belangrik is dat ons hulle deed en reg leer. Die selfde gaan oor trust / in ons verhoudinge. Hoekom moet ons trust hê in ons verhoudinge. Ek dink aan kinders, oor jou man, aan jou suster.

JB : Hulle is nie altyd by jou nie, dan moet jy leer om hulle te vertrou.

SG : Vertrou met wat ...?

- JB : Met hulle maniere, alles wat jy hulle geleer het. En sê vir hulle jy vertrou vir hulle en jy wil niks hoor van ander mense nie as hulle uitgaan nie.
- RJ : Sê byvoorbeeld, my seun gaan nou uit. Iets het verkeerd gegaan. En dan moet hy na my toe kom en vir my sê wat het buite verkeerd gegaan en as die mense na my toe kom, moet hy en ek saam hulle kan “face”. Of enigiets by die werk, dan moet jy vir my kan vertrou om met my te praat daaroor.
- CA : My man trust nie my kind nie. Hy sê vir my elke dag hy sal haar trust, maar dan sê ek vir hom ek trust my kind. Ek kan vir haar trust want sy is my kind. Toe vra hy vir my op watter manier kan ek haar trust, ek sê toe, ek trust vir haar op ‘n boyfriend, op drank op alles en sy sal dit nie doen nie. Hy sê toe eendag sal die mense kom klop op jou deur, ek sê daar sal nooit iemand op my deur kom klop nie.
- SG : Dit is belangrik wat jy gesê het, CA. Ons kan dit byvoeg by “Knowing your Child”. Jy sê jy vertrou vir haar. Sy sal nie seker dinge doen nie want jy ken jou kind want as jy jou kind ken, rêrig ken, dan het jy vertrou in haar.
- All : Ja, dis waar.....
- CA : Ek ken my kind baie goed.
- IB : As R, uitgaan en my dogter en hulle kom terug, kan die een nie wag vir die ander een nie net om my te sê hoe dit was. En vir my is dit lekker net om vir hulle te luister.
- SG : Dankie almal vir die bydrae. CA het genoem dat sy haar kind kan vertrou omdat sy haar kind ken. Maar as ons nie ons kinders ken nie (Ja,ja,ja) dan sal ons mos sukkel om ons kinders te vertrou. Ons moet dit ook besef met ons partners. Ons ken nie altyd ons se maat nie. Want ons ken nie vir hulle van kleins af nie.

CA : Die een dag gaan my dogter en haar twee niggies van die huis af. Ek maar vir N niks nie, maar die niggies doen altyd verkeerde dinge, hulle het nou vir haar saam gevat. Ons het hulle omtrent 5 dae gesoek. Toe kry ons vir hulle by die skool. Die twee kom huis toe met “love-bites” julle het met “boyfriends” geslaap. Toe sê my man vir my N ook, toe vat ek haar dokter toe en sê toe vir die dokter . Hy trek toe haar bloed on te sien - bloed gee “proof” dat sy nie met iemand geslaap nie. Toe wys ek dit vir my man.

SG : Ja, jy het ook jou kind gewys jy staan by haar en toe kry sy meer vertroue in jou.

CA : Ek het haar geneem. Sy het gehuil die dag toe sê sy mannie neem my dokter toe.

SG : Okay, ons het aan die einde gekom van ons se sessie. Julle moet net vir my sê hoe die sessie was. Ek het die evaluasie vorms wat julle moet invul. Ons het geleer oor ons self. Jou dieet, jou eetlus, hoe om jouself te leer ken. Hoe ons mekaar kan vertrou en hoe om ons kinders te leer om verantwoordelikheid te aanvaar. Wat die kind nodig het, luister, selfbeeld van die kind op te bou, “praise and encouragement” en ons houding teenoor die kind te verbeter. Hoe ons die verhoudinge met mekaar opbou en die manier hoe om dit te doen is om respek te hê vir mekaar, die verantwoordelikheid wat opkom in die verhouding en ook die vertroue wat ons vir mekaar het. Ons verhoudinge is baie belangrik met mekaar.

JB : Ek het sover baie geleer om baie, informasie uit gekry.

CA : Ek voel myself tevrede met die sessie maar as ek by die huis kom wil ek bair graag met my ander dogter praat want sy is al kind wat nie na my luister nie.

RJ : Ek het baie geleer in die sessie, ek voel as ek by die huis kom kan ek dit impliseer.

FS : Ek het baie geleer en het baie gehoor en almal bedank daarvoor, dankie.

IB : Ek het geleer in die sessies, ek sê dankie, ek is tevrede.

JS : Ek het baie geleer met die sessies. Ek is tevrede en baie gelukkig daaroor. Ek wil dankie sê vir julle samewerking. Ek het uitgevind ek kan nogal goed Afrikaans praat.

(Laughter)

Ek het ook baie geken van julle.

JB : Ons wil vir jou dankie sê.

SG : Môre oggend sal ons dieselfde tyd begin. Laat dit goed gaan.....

END OF SESSION 2

SG : I want to welcome everybody this morning to the third session. Its nice to know that yesterday whatever was shared was interesting and said in confidence. I learnt quite a bit. I have given you a format of what we will be doing today. Before that let's summarize what we did yesterday. If each one could just share with me. When you went home, what you thought about? What we did was "Ken jy jouself" Wie is ek" ons het gepraat oor hoe om na jouself te versorg, ons moet goed eet, ons moet gesond slaap, ons moet leer om te ontspan, maniere hoe ons ontspan, maar ook die maniere hoe ons mekaar en jouself aanskou. Som van ons voel ons is nie aantreklik nie. Som voel maer, som is vet, en ons het oor baie dinge gepraat. Ons het oor drie eienskappe gepraat van mense se selfbeeld. Tweede sessie, hoe om jou kind te leer ken. The needs of the child en ons het punte uit gehaal waaroor ons gepraat het. Ons moet die kind onderseun, ons moet weer luister na die kind, en die kind se selfbeeld meer opbou. Enige een kan iets bydra wat jy geleer het uit die sessies. Wat jy graag wil verander?

(Silence)

JS : Vir my het dit goed gevoel om te praat oor die dinge en so, nou kan ek vir ander mense help want ek voel beter. Ek voel ek kan verander.

RJ : Ek voel goed nadat ek gister hier gewees het. Ek is baie lief om met kinders te praat buite maar ek het moet aandag gegee vir mense in my huis en gister soos ek gesê het, ek gaan my dogter handel en soos ek die papiere vir haar gegee het, gelees. Sy het gaan lê en dit gelees. En ek het met haar gesels oor haar "boyfriend" en sy het na my geluister. Sy is 'n kind wat nie baie sê nie maar gister wat ek geleer het kon ek oordra aan haar en in my huis. Ek voel gelukkig, oorwat ek geleer het. Ek dank die Here. Ek besef nou hoe ek my kinders moet behandel in the huis....

CA : Eintlik ek, toe ek by die huis kom was daar 'n klein moeilikheid by my huis. My suster het polisie gehad om deur my plek te gaan en ek is 'n persoon, ek kan baie gou my humeur en respek verloor as ek iets gehoor het en ek het baie geleer na die sessie, om te "control

jouself“ en het respek en laat los vir haar net so. Ek het my kinders gevat, en toe sê hulle nou wat gebeur het. Ek sê toe ons los alles. Ons gaan nou nie skel nie en woorde gooi na mekaar toe nie en toe sit ons doodstil en ek praat nie eers nie. Toe sê ek vir hulle so sal ons respek het vir mekaar en so alles vergeet en praat toe met weer met mekaar. En toe vanoggend toe sy nou opstaan, gevloek en besluit ek het vir haar ignoreer en toe praat sy met my, ek het haar nie terug geantwoord nie. Ek het haar gewys ek is 'n beter persoon as sy.

(At that moment one of the members entered, that was not in the 1st session. Mrs BJ)

SG : Okay, I want us to continue. CA has shared with us what she had experienced yesterday and I just want to congratulate her on what she has done. She has done well by taking what she learnt in the group and put it into practice. Which is what we all ought to and need to do. What I have learnt from this group is that you as parents have experienced such a lot and there is such a lot of knowledge which you're sitting with, that we learning from you and for me that is so powerful, just by the things that you shared yesterday. You were sharing about your (RJ) daughter, about bad times you went through, CA was sharing about the bad times she had with her husband. And to think in spite of all that, you say, CA, that you feel good about yourself you not worry what people say about you. You could come through this day and still face and look at your children and move forward. I have learnt quite a bit about you as parents, about the staying power, the strength that you have. Before we continue with rest of members. I would like to share. It's about different kinds of women. The woman who is strong moves to a woman of strength. A strong woman is normally the kind of woman who would normally react like in the past like you say “sy sal gevloek het en geskreeu het en aangegaan” and the woman of strength is one who is prepared to keep quiet and allow God to do the work. (Read out a prayer to the women).

SG : Anyone else to share.....?

JB : I thought about the issue of trust. It give me a new meaning of trusting.

IB : Ek het gedink aan die verhouding. Ek was baie vinnig en gister se sessie het my geleer om meer verdraagsaam te wees.

FS : Ek het dankie vir gister se sessie, wat my baie gehelp het. Want gister toe ek by die huis kom was my huis vol water. Slaapkamers, die matte is nat, nat pap nat. Z, het so gewerk dat sy sand gaan haal het en voor op die vloer van die huis gegooi. So ek daai kom, moet ek besig wees om vir haar te help. Want sy het 'n babatjie by. Maar toe dink ek "Ag, man! Die ding gaan nie help nie dit gaan nie vandag droog word nie. Dit gaan ook nie help nie om baie te werk nie. Laat ek maar ontspan.". Ek dink "Ag man!" Ek gaan 'n bietjie lê en vat vir my 'n boek, of maak die tee oop en ontspan. So het ek baie geleer, bietjie te rus.
(Laughter)

SG : Dis goed - kom ons gee vir haar 'n handklap. **(Clapping, clapping)**

RJ : Ek was baie onrustig, slaap ek laat dan ek is weer vroeg op. Gisteraand het ons diens gehad, dit het vroeg uitgekom en gisteraan was ek in die bed 21h15 wat nooit tevore met my gebeur het nie. Ek het gister geleer ek moet probeer om vroeg te gaan slaap en die Here het so mooi gemaak dat die diens vroeg uitgekom het. En so vanmôre voel ek baie beter.

SG : Okay, ons praat oor ons sessie. Vandag praat ons oor "parenting skills / ouer vaardighede. Al twee sessies gaan wees oor hoe moeilik was dit vir jou toe die kind terug huis toe gekom het. Wat was die verandering vir kind en ouer. Ons sê dit is adjustment changes. Dan gaan ons praat oor parents, ouers as rol modelle. Parents as role models Hoe die ouers moet wees as rol modelle. Tweede sessie, sal rolspel het. Volgende sessie gaan oor dissipline - doen ons role play oor dissipline. Die kind se aanpassing en die ouers as rol modelle en dan praat ons. Hoe is jy nou en hoe

kan jy 'n verandering maak. Jy weet dit self en julle kan self antwoord. Want julle sit met al die informasie. Wat ek gaan doen. Elkeen neem 'n bladsye, maak oë toe en dan teken 'n prentjie van jouself. Maar hou die oë toe en net die gesig.

(Much laughter)

SG : For sake of recording. The cassette player stopped after doing exercise with group members. Spoke about parents as a whole, what each parent had to do - the role models of parents. We had 3 parents sharing with us about what had happened in terms of their children. Then we asked them what was a role model and then they felt that it moet a "voorbeeld wees vir die kinders" - ons medemense, some felt, "dus die gedrag van die ouers", others felt "ons moet opkyk na die ouers" and then we discussed the issues of parents as rolemodels and the things that they should be doing and how some have learnt to do things as T, mother has explained. She experienced a situation whereby her son had gotten used to living in the home and she was always on the streets. He got used to being on the streets and staying there in that way he was imitating her behaviour, maybe she could explain little more to us, for sake of the recording as we missed out on the issues that I summarize due to faulty cassette recording. Kan jy miskien vir ons net 'n voorbeeld gee gou oor T. Die feit dat hy op die straat gaan en so.

BA : Hy het dieselfde ding voetstoots spore, gedoen het wat ek gedoen het. Hy het altyd buite geslaap saam met ander kinders, maar ek dink dit is van my kant dat hy dit geleer het - ek was op die pad gewees en ek ook het baie buite geslaap, maar nie met almal van hulle nie, maar ek alleen met my vriende, dan dink ek waar is T, waar is hy. Hy kom nie huis toe nie, dan slaap hy by sy vriende in Claremont. To dink ek hoekom doen T, dieselfde wat ek gedoen het. Agterna toe realize ek mag nie weer buite slaap nie ek gaan nou maar huis toe waar ek gebly het by ander mense en daar het ek toe 'n outjie ontmoet. Toe vat hy vir my en nog 'n blyplek. Toe dink ek, ek gaan nou verander, dan sal hy ook nou verander. Maar toe ek getrou toe sien ek nie my kind het begin by die huis bly, elke aand het hy huistoe gekom. Toe sê ek vir hom ons slaap nie meer op karton nie, ons het ons se eie

huis nou. Ek dink hy het dit van my geleer.

SG : Okay, RJ, jy het ook gesê wat jou kinders Xmas tye gedoen. Terwille van die bandopname wil ek graag hê dat jy moet weer die storie herhaal.

RJ : Die rede hoekom my kinders op die straat beland het, hulle het ook buite geslaap en dis terwille van my van ek was nie 'n goeie voorbeeld vir hulle nie. As dit by Xmas kom, was die inkomste baie swak en ons gaan Merry Xmas sê vir die mense. Dan klop hulle by die deure dan steek ek vir my weg agter die boom. Dan kry hulle lekkernye, kleure en geld en so het dit gegaan vir drie dae op 'n slag. En as dit kom by Labarang (Moslem's special day) dan ons dit ook. Toe besef ek ek moet dit nie doen nie want dit is nie die moeite werd nie. Want daar is tye na skool, dan roep ek vir hulle na skool, gaan julle ook na die winkels toe. Dan hoor D, is Gatesville toe, die kind is hier. Dan moet ek hulle gaan soek. Toe dien ek dit werk nie uit nie. Toe moet ek na 'n social worker toe gaan so dat hulle my kan help aan gaan. Ek weet nie wat met hulle kan gebeur nie op die paaie, as hulle buite slaap. En deur die maatskaplike werkers en by Leliebloem het jully my gehelp om my kinders weer terug te kry.

SG : We received feedback from RJ, when we see how children imitate us or as IB says "nabots" us as parents. They imitate us closely, more closely than expected. Toe gesels ons oor "mean what you say and say what you mean" en ek het die ouers gevra hoe voel hulle oor as hulle miskien die kinders vra om dinge te doen, of die kind gaan byvoorbeeld uit en ma het nou gesê dis die tyd wat jy moet inkom en die kind weier en IB het van haar ervaring gepraat. Kan jy vir ons sê IB wat het gebeur toe jy vir R, sê hoe laat hy moet inkom.

IB : Ja, toe R, uit Leliebloem kom het hulle vir my gesê hulle is gewoonte uitgaan. Toe sê ek vir hulle okay, hulle kan uitgaan maar hulle moet op 'n sekere tyd, moet hulle in die huis wees. Ek het toe geleer dat dit nie my sal baat om hulle in die huis te hou nie want hulle het mos hier 'n gewoonte gekry by Leliebloem om uit te gaan. Toe het ek 'n besluit

geneem dat as hulle nie by ses uur in die agter middag by die huis is nie kan julle nie uitgaan nie. Toe het hulle nou elke Saterdag uitgegaan en dan kom hulle huistoe ses uur. Tot RB, 21 jaar oud gewees nou kom hy later in die huis.

SG : So jy het in 'n kontrak gegaan met hom.

IB : Ja..... ja.....

SG : Jy moes gedoen het wat jy gesê het jy gaan doen. As jy gesê het op 'n sekere tyd wees by die huis anders gaan jy hom uitsit. Toe het ons verder aangegaan en gepraat oor die aanpassing van die kinders by Leliebloem. U weet as ouers kan ons baie leer, en ons het op die punt gekom waar oor ons gepraat oor een van die "topics" was "Adjustment Difficulties" en ek het toe die ouers gevra hoe hulle daarvoor gevoel en miskien kan die ouers weer herhaal vir bandopname hoe was dit vir hulle, hoe was die aanpassing.

Byv : As die kind laat in kom dis amper soos 'n cycle. Ma worry, kry kopseer, maag upset, som van hulle word kwaad en dan is hulle in 'n konflik situasie. Soos Joan genoem het, hulle voel dit is nie altyd dat jy by 'n konflik situasie uitkom nie. - Jy moet eers dan luister wat die kind of ouer te sê het voordat jy by die konflik situasie uitkom.

Verder het ons aangegaan en gepraat oor die aanpassing vir die ouers - kinders nie huis toe gekom. Jane het iets genoem , sy't genoem van die papiere wat hulle vir jou uitgesort het.

JB : Ja, toe sy huis toe kom - kon ek sien sy het baie verlang om by die huis te bly. Sy het elke naweek kom kuier en haar vriende saam gebring. Sy het baie close connection gehad me die kinders van Leliebloem. Toe sy terug huis toe kom was daar nog altyd 'n vriend van Leliebloem wat saam met haar geloop het. Toe kom die social worker vir my sien en alles vir my uitgesort met die dokumente.

SG : Wie het ook genoem van die verandering by hulle toe die kinders huis toe kom... Oh, dit was IB

- IB : Ek het genoem toe die kinders van Leliebloem afgekom het. Ek opgelet dat hulle beter kommunikeer met hul vriende. Verandering is dat hulle beter gekommunikeer. Hulle het ook meer uitgegaan en ook dat Leliebloem my ondersteun het.
- CA : Die dag toe ek hoor my kinders kom huistoe, toe was ek baie tevrede. (N) het baie complain van klere. By Leliebloem het sy baie klere gekry toe sê ek vir haar (N) ek is besig met my papiere by Leliebloem sodat ek geld kan kry vir julle. Ek het geld gekry en ek kom vir haar en die anders sorg.
- SG : Sê vir my, het Leliebloem vir jou die ondersteuning gegee wat jy nodig gehad het.
- CA : Ek het baie ondersteuning gekry.
- JS : Hulle goed geleer hier. Toe hulle uit kom het hulle vir ander mense gesê hulle het maniere geleer.
- SG : Het jy ondersteuning van Leliebloem gekry?
- JS : Die pa het gelewe, maar hy het mos nie betaal nie....
- SG : Nee, praat van ondersteuning van Leliebloem.
- JS : Ja, 'n ander social worker van Diakonale Dienste het besoeke gelewer. Nadat hulle uit was, genoeg kom kuier, genoeg kom op check.
- SG : Okay, so jy het ondersteuning gekry van die externe maatskaplike werkers. Maar wat van Leliebloem?
- JS : Ja, hulle het nou en dan 'n besoek gelewer maar my kinders wou nie baie kontak gehad

het nie.

SG : Sou jy graag meer ondersteuning wou gehad het van Leliebloem?

JS : Nie dat was nie 'n probleem nie.....

SG : Ja, BA, is daar enigiets wat jy wil sê?

BA : T, toe hy by Leliebloem was, was hy baie skoon op homself. Hy't gesê dis sy sak as hy huis toe gekom het,... dan het hy vir die kinders gesê. Die's nou my goed wat hier in is. Die is van Leliebloem waar ek is, is die baie skoon. Hy sê altyd vir die kinders, los my tandeborsel, dis my was lap, dis my goed hier in, die Leliebloem se goed. Dis ons se goed. Mammie, moet vir hulle ook so goed koop soos ek het. Hulle moet hulle eie tandeborsel het, en hulle eie waslap het. Ja, dan sê ek maar my kinders het als van homself. Een kind moet hul eie tandeborsel gebruik. Wys vir hulle, hulle maniere, wie se tandeborsel dit is. Ja dan sê my boeta gaan vir julle wys.

Dan staan boeta vroeg op in die vakansie - 7 o' clock, die oggend en stuur vir hulle badkamers toe (laughter) om die kleintjies te wys hoe hulle die tandeborsels moet gebruik. Of hy vat 'n nat lap, en sê as jy wakker is nie dan gaan ek jou nat gooi.

JS : Ook die geskenke en wat hulle geleer het. M, my seun, was die skottelgoed nou nog op weens hy geleer het by Leliebloem.

SG : Ons kom aan die einde van ons sessie. Is daar maniere hoe Leliebloem die ouers kan meer ondersteun. Ek weet julle het positiewe en negatiewe bydrae gegee. Maar dink daaroor. Hoe Leliebloem ouers meer ondersteuning kan gee. Hoe kan ons die ander ouers help.

JS : Om nou net met hulle te praat en vir hulle te onderseun. Want kyk die vat nou druk om hulle te sê om nie te drink nie.

SG : Dink julle sulke groepe is goed vir die ouers.

ALL : Ja. ja. dis goed!!

JS : Om hulle te help met die kinders se gedrag maar die vernaamste hulle te praat oor die Here.

SG : Enigiets anders?

RJ : Ek wil net sê van D, Ons het nie grootgeword met 'n mes en vurk nie, maar D, wil nou net met 'n mes en vurk te eet nadat hy uit Leliebloem gekom het.

SG : Wat dink julle van die idee? Byv. sodra die kind uitgeplaas word by die ouer, miskien in daardie maand of tweede maand om die ouers by mekaar te kry en alleen óf saam met die kinders.

ALL : Saam met die kinders, ja..... saam met die kinders.

SG : Saam met die kinders op die tweede maande. Baie dankie.

END OF SESSION 3

SG : Okay. Almal is terug. Ons begin nou met ons vierde sessie. Vandag praat ons oor dissipline. Wat is Dissipline? Wat beteken daardie woord vir jou as 'n ouer?

(Silence)

ALL : Maniere, ongehoorsaamheid (**writing on board**). Hoe voel jy as 'n ouer as jy moet dissiplineer? Voel jy kan dit hanteer of voel jy skuldig?

JB : Daarna voel ek skuldig.

JS : As ek nie die kinders kan beheer nie dan voel ek skuldig.....

SG : Hoekom dink jy voel jy skuldig? Hoekom voel die ouers skuldig as hulle gedissiplineer het?

JS : Want jy vra aan jousef , hoe het jy die fout begaan, jy het nie so grootgeword nie.

FS : Jy het hom nie so geleer nie - jy voel skuldig as jou kind nie luister nie. En jy voel skuldig as hy nou so is.

CA : Baie ouer mense sê vloek woorde aan die kinders. Dis hoekom hulle nie kan dissiplineer nie.

SG : En maak dit hulle skuldig?

CA : Die maak vir my skuldig want as ek met hulle geskel was daar altyd 'n vloek woord gesê maar toe realize ek dit is nie goed vir die kinders.

SG : Nou wat van die manse wat nie vloek woorde gebruik nie. Hoekom voel hulle altyd skuldig?

JB : Hulle voel teleurgesteld oor die kind en dan werk dit op jou.

SG : Jy voel teleurgesteld nie net oor die kind nie maar oor jouself. Baie tye as ouers , miskien kan julle byvoeg. Baie tye as ouers , voel ons, ons moet perfek wees en met perfekte kinders. Ons is verskillend. Ons het verskillende persoonlikhede. Som van ons kan baie vat en som van ons nie. Som het 'n temper ander nie. En ons se manier van probleme te hanteer is verskillend. En baie van die ouers voel hulle teleurgesteld in hulself want hulle voel alles. Wat hulle gedoen het, het hulle nie reg gedoen nie. Maar voel julle as ouers dat somtyds moet kinder dinge doen. Hoe voel julle? Hoe voel julle oor die negatiewe dinge wat kinders doen? Wat dink julle van juiself as ouers as julle 'n fout begaan het. En as julle dit erken wat dan? **(Silence)**

SG : As julle dit erken, leer julle nie uit daardie fout nie en as die probleem weer kom dan kan jy dit beter hanteer.

All: Ja..... ja....!

SG : Dit bring ons weer by die eerste punt toe ons gesê het ons moet ons self lief het as 'n persoon want kyk ons is die ouers. As ons gaan sleg dink van onself dan gaan ons vir onself sê alles is nie goed nie. Ons is die mense wat die fout begaan om nie goed te dink van onself nie en as ons kinders gedissiplineer is, dan is ons so hard op onself. Dit is die verskil van 'n goeie ouers van 'n verantwoordelike ouer. Ons met nie goeie ouers wees, ons moet verantwoordelike ouers wees. Drie probleme gaan ons bespreek.

ROLEPLAY :

Neem 'n maat . Gaan FS en JS saam wees. CA en BJ gaan saam wees.

Ek gaan vir julle 'n probleem gee en julle moet dit rolspeel. Julle moet dit rolspeel . Ons gaan later daaroor praat . **(Laughter) Oo..... nee.....!! (Laughter.....)**

Laat ons voort gaan. Kyk weer 'n kringloop. Ek gee hierdie voorbeeld.

Child misbehaves, wat gebeur met ouer. Ouer raak mismoedig en ouer raak kwaad. Hoe meer die ouer en kind kwaad raak, hoe meer kommunikeer hulle nie.

Hoe kan ons daardie "cycle"/ kringloop verander? Die kind doen iets, familie, ma raak kwaad, almal word kwaad maar die probleem vererger. Hoe verander ons die?

(Silence)

Verduidelik aan die kind wat hy verkeerd gedoen het. Dan verstaan die kind vir jou. Baie tye het kinders miskien hul mummies gevra oor iets dan sê die mammie nie jy is te klein om te weet. Vir som kinders kan dit vervelig wees.

As ons as ouers die kind kan verduidelik dat jy nie na die kind kyk nie maar wel die misdaad of daad. Dan besef die kind die verskil. My mother and father love me, but they do not love what I have done. They separate the child from the deed. To show the child what is right and wrong.

SG : We will now move on to the role models of parents. the difference between parenting roles. As ons dit kan gebruik in ons se daaglikse lewe sal ons as ouers ons kinders beter leer ken. Goeie ouer en responsible ouer. Goeie ouer sê ek is in beheer. Jy moet vir my antwoord ek wil niks hoor nie . Wat sê die responsible ouer ?

JB : Hoe die kind voel en neem dit in ag.

SG : Hoe gaan jy dit doen ? Jy's reg. As jy gaan sê ek is in beheer, dan gaan die kind meer ontrek van jou en dan gaan hy nie met jou praat nie, maar die verantwoordelike ouer se

okay jy kan 'n keuse maak. Jy sê nie jy is in kontrol nie maar jy sê aan die kind kom ons sien wat hier aangaan. So leer jy die kind om meer verantwoordelik te wees vir sy eie keuse. Oormôre kan hy nie sê ja maar mammie !!! Dan sê jy maar my kind jy het die keuse gemaak. So gaan ons verantwoordelike ouers wees. Die verantwoordelike ouer sê jy kan 'n keuse maak.

Die perfekte ouer sê alles moet netjies wees, alles moet skoon wees. Koppies moet skoon wees. Huiswerk is baie belangrik. Wat gebeur dan, as perfekte ouer sal jy meer en meer negatief wees. Miskien lê daar papiere dan sê die ouer tel daardie papier op en dan gaan daar net meer en meer opdragte wees. Voordat daardie ouer weet, kommunikeer hy/sy nie met die kind nie.

Die ouer gee net “orders” en die kind moet net luister. Alles wat die kind doen is nie goed genoeg vir die ouer nie.

Onthou 'n perfekte ouer is onder stres. Alles wat die kind doen sal 'n probleem wees vir die ouer. Hoe sal die verantwoordelike ouer dit sien? Hy/sy sê “I am human”. Ek kan ook foute maak. Sê vir my wat is jou fout en ek sê wat is my fout. Jy moedig die kind aan om te praat. Op hierdie oomblik leer altwee. Somtyds is dit moeilik vir ouers om van hulle kinders te leer, maar probeer dit dan sien jy die verandering. We will only stay with those two examples: I control, I am perfect.

(5 MINUTE BREAK)

Dissipline :

Ek gaan julle twee probleme gee om te rolspeel en dan praat ons oor die grond beginsels van dissipline.

Eerste probleem : die kind weier om sekere kos te eet.

Tweede probleem : gaan oor die routine in die oggend. Onthou hulle moet opstaan, ontbyt eet, tandeborsel, regmaak vir skool. Wat eintlik aangaan in die huis in die oggend. Kan die groepie bymekaar kom en bespreek julle die rolspeel in die hoek. Laat weet wanneer julle reg is .

(Group preparing their roleplay)

Rolspeel 1 : **Die kind weier om sekere kos te eet.**

(Much laughter from the group)

CA : Ja ! Mammie ek eet my groente

BJ : Okay ! as jy jou groente eet dan weet jy ek gaan vir jou iets lekker gee om te eet.

SG : Julle moet rolspel doen as die kind nie die kos wil eet nie.

CA : Maar ! mammië ek kan nie die groente eet nie.

(Silence)

SG : Staans jy ! gewoonlik so en jou kind aan kyk as sy weier om te eet.

(Much laughter)

JS : Soos jy nou die kind sal uitskel ?

CA : Maar, mammië ek kan nie ! die groente eet nie .

BJ : Ek weet nie wat ek vir jou gaan gee nie. Okay, ek gaan vir jou tee maak, is dit okay ?

CA : Alright mammië

SG : Baie dankie . Gee vir hulle `n handklap. **(Clapping and laughter)**

Rolspel 2 : **Kinders kan nie opstaan nie,**

FS : Kom, kom, dis tyd om op te staan ! kom dis laat ! Jy gaan laat wees ! !

JS : Ek wil nie skool toe gaan nie, mammië !!

FS : Nee ! Nee ! jy gaan laat wees..... Dit is laat, kom nou, gaan was,.....
maak gou ek is haastigggg !!!.. **(Laughter in the group)**

Everyone clapping for the roleplay. Hoekom! hoekom ! gaan jy nie vandag skool toe nie.

Ha !! hoekom. **(Shouting)**

JS : Omdat ek wil nie skool toe gaan nie

FS : Hoekom !, jy moet skool toe gaan..... daar kom jou vriende....

Klim in die kar, ... mister..... **(Laughing and clapping)**

SG : Thank you. How did you feel doing roleplay ?

FS : Ek het baie goed gevoel.

JS : Hoe die ma skreeu om die kind wakker te maak om skool toe te gaan.

SG : Hoe het jy as die ma gevoel , Florence.

FS : Ek het baie goed gevoel ... en veral toe my mammië my verstaan het dat ek nie koffie drink nie.

BJ : Ek het gehoor dat sy nie koffie drink nie , toe vra ek haar of sy tee drink. Toe sê sy ja.

SG : Wat is die normale reaksie van ouers as kinders nou sê hulle gaan nie groente eet nie.

CA : Vir my is dit baie moeilik. Ek het 'n kind as sy by is, dan wil sy nie eet nie, maar as sy

by haar oma is, dan eet sy van alles. As jy nie dit eet nie , bly jy sonder dit of gaan slaap en dan gee ek dit vir ander kinders.

SG : Skel, wat nog . Dink jy nie som van die ouers dwing kinders om groente te eet nie.

JS: Marco, neem baie lank om te eet. Hy is altyd die laaste een op.

SG: Hoekom is die ouer anstig. Die kind gaan laat wees. Gaan die ouer laat wees?

JS: Nee, die kind gaan laat wees.

SG: Hoor net wat Joan gesê het, die kind gaan laat wees. Dan is dit nodig vir die ouer om so aan te gaan.

ALL: Ja, nee.

JS: Ja, want as die kind nie op tyd in die skool is nie maak hulle die hekke toe.

IB: Maar dus nie nodig vir ons om hulle te skel nie. Om hulle so wakker te maak?

SG: Wie se probleem gaan dit wees, as die kind laat skool toe kom.

ALL: Die ouer...

SG: Is dit?

JS: Die kinders blameer die ouer.

SG: As die kind vier of vyf jaar oud is?

JB: Die ouer se plig

FS: Ja, as die kind ouer as 8 jaar oud dan kan die ouer hom leer om op te staan.

SG : Enigste manier om te help... is om die kind te help om sy klere reg te sit.

RJ : Om vroeg te gaan slaap in die aande....

BJ : En vroeër op te staan - homself te leer aantrek.

SG : Hoe kan jy die kind help om vroeg op te staan. Wat gebruik julle?

JS : 'n Alarm of klokkie om ons wakker te maak....

SG : Ja , dis een manier en ook as die kind laat is dan moet die kind self aan die hoof verduidelik hoekom hy/sy laat is. Wat gebeur as die kind sonder ontbyt skool toe gaan . Hoe voel hulle daaroor.

BJ : Hulle kan nie leer nie - my meisie kind, as sy nie in die oggend geeëet het nie , dan sê sy ek het nie lekker geleer vandag nie want ek het nie geeëet nie .

SG : Wat het sy die volgende dag gedoen ?

BJ : Die volgende dag het sy beter geleer want sy het geeëet.

SG : Ja , maar wat het sy gedoen om te eet ? Verstaan jy my ?

BJ : Nou .. verstaan ek , sy het vroeër opgestaan.

SG: Ja , sy het vroeër opgestaan om haar "porridge" te eet want sy het dit die laaste keer gemis. Sy het dit gevoel. Ons noem dit natuurlike gevolg. Toe sy laat opstaan om ontbyt te eet wat het gebeur , sy het honger geraak. Sy het daardie gevoel onthou dus het sy vroeër opgestaan die volgende dag.

SG : Ons kyk na die storie van die groente . Wat is op die bord ?

Daar is drie verskillende groente. Nou as dit moontlik is om drie te hê kan die kind kies tussen drie of twee. `n nog `n idee is as die kind later wil eet kan jy dit diudelik maak dat hy/sy kan later eet maar jy sal dit net tot `n sekere tyd toelaat.

JS : In die ou dae moes ons alles geeë het .

JB : Ja, dis waar

FS : Soos `n vriend van my sê sy gaan “cabbage “ bredie maak. Die kind sê nie, nee, mammië moet nie so sê nie ,... sê jy hou van die kool maar nie die “cabbage “ nie.

(Laughter)

SG : Hoekom is dit belangrik vir ons om ferm te wees met die kinders ?

JB : Om hulle te wys ons het hulle lief

SG : Ons kinders het “ boundaries and limitations” nodig . Ons moet die probleem uitwerk en ook vra wie die probleem besit. Byvoorbeeld : die kind verloor sy potlode , hy/sy moet self verantwoordelikheid neem vir die feit dat dit verloor is. Die kind moet verantwoordelikheid leer. Ons het aan die einde van ons vierde sessie gekom . Ek wil net elkeen vra om aan die res van die groep te deel wat hulle geleer het.

BJ : Ek het baie geleer – as ek by die huis kom kan ek dit met die kinders bespreek.

SG : Nou wat het jy geleer ? Kortliks.....

BJ : Ek sê vir my kinders oor wat dit gaan. Dis oor kinders, hoe ouers moet wees met hul kinders.....

SG : Wat het jy geleer ?

BJ : Byvoorbeeld 'n kind kom na jou toe met 'n probleem - as ouer moet jy versigtig wees hoe jy daardie probleem hanteer, nie om die kind te beskerm nie , maar help om die probleem te hanteer.

RJ : Ek het iets goed ondervind by die sessies. Ek is nie spyt dat ek nie gekom het nie. Eintlik het ek geleer oor die laat slapery, ek het altyd myself gevra waar het ek die fout begaan dat ek so sukkel om hulle op te kry. Ek praat mooi en dan raas ek met hulle maar hulle wil nie opstaan nie. Toe hoor ek nou vanmôre dis nie my skuld nie , maar ook my seun.

CA : Vernaam N., sy was baie traag om op te staan. Dan het ek en my eggenoot baie daaroor geskel. Dan skreeu hy die kind moet op staan , maar dan vra ek haar self om op te staan. Maar vanoggend is ek nie spyt oor wat ek geleer het nie en kan nou vir haar sê waaroor dit nou gaan.

JB : Ek was baie lui om deel te neem aan die kind se aanpassing. Dit het my baie geraak.....

IB : Ek het geleer by die “misbehaviour “ en dissipline - hoe om die kind te leer.

JS : Ek het nou goed geleer - hoe ek nou vir Marco kan aanleer. Dit is moes nou net hom in die huis.

FS : Ek het geleer, as die kind uit die huis uitgaan , en hy kom laat. Ek vra hom en hy/sy verduidelik mooi.....

SG : Dankie almal dit is die einde van vierde sessie. Ek herinner julle aan ons vyfde en sesde sessie vir Donderdag, 26 Julie 2001.

END OF SESSION 4

- SG : Good morning everybody. I want to welcome you to our 5th and 6th session for the day. I would just like to know how everybody is feeling this morning . Maybe something positive about yourself . What you felt about the group at the last session?
- JS : Ek voel goed , ek het baie geleer, ek voel ek kan `n ander ma leer en hoe sy met haar kinders moet wees en hoe haar kinders met haar moet wees. Maar my een kind het my laat sleg voel, Saterdag het sy aan my gesê ek het hulle in die “home “ gegooi.
My kinders was nie vir lank in die inrigting nie miskien het ek hulle te vroeg uit geneem.
- SG : Hoe het jy gevoel toe sy dit vir jou sê ?
- JS : Ek het sleg gevoel en dit wat ek gekry het in groep het ek geplak teen die muur. Toe die Sondag kom vra ek my man om dit te lees vir my want ek voel sleg. Ek wil try om beter te word en ek wil nog beter word . Toe sê ek vir hom hy moet dit lees en dan moet hy leer om sy kinders te leer. Ek kan nie sien dat sy kinders eendag verkeerd uitdraai nie . Want die kind is al klaar so deurmekaar. Ek gaan vir julle mis en u mis want so in `n groep al is dit een keer per week doen `n mens goed. Nou weet ek nie want toe ek gaan nie , maar ek sal moet uitgaan. Ek kan nie so by die huis sit nie. Miskien kry ek `n senuwee instorting maar ek voel die groep het my baie gehelp.
- SG : Ek dink ek wil jou net aanmoedig , to continue doing what you want to do. Dis omdat jy op `n punt gekom waar jy nou jouself sê jy gaan dit doen, kom iets nou om jou fokus weg te neem, maar op die oomblik moet jy net fokus. Jy kan miskien sê mammi het `n fout begaan en die omstandighede op daardie tydstip was nie lekker nie en ek probeer nou my beste. Jy is net “happy” hulle is gesond en niks ernstig het met hulle gebeur nie.
- JS : So kyk..... byvoorbeeld , die wat by die place of safety was, het hulle kos, klere gekry - op daardie tydstip het ek nog nie `n groot plek gehad om hulle by my te hou nie, daarvoor moet hulle dankie sê dat Leliebloem na hulle gekyk het.

SG : Jy weet somtyds blameer kinders die ouers vir res van die lewe maar wanneer wil hulle opgroei, want hulle word ook ouers. Hulle moet op 'n punt kom waar hulle sê okay ek kan nie altyd my ouers blameer nie . Ouerskap is nuut vir almal . Ek gee jou nou advies , jy moet hulle kan sê , ek het, verskoning gevra, vergifnis en alles, maar jy moet nou aangaan met jou lewe, want ek wil nou aangaan met my lewe. Jy kan miskien opmaak maar jy kan nie wegneem wat al klaar gebeur het nie.

JS : Ja , want ek wil voortgaan

IB : Mevrou , ek voel goed..... ek het die afgelope paar dae verlang na die groep .

SG : Dit is goed om dit te hoor

IB : Ek het so gelag oor Florence .. **(Much laughter)**

Dit is 'n jammerte dit ons se laaste sessie gaan wees. Die groepie het my geleer om meer verantwoordelikhede te dra.

FS : Goeie morê mense, ek voel baie bly, “lekker” en happy. Ek het baie geleer van die groep en ek is seker ek gaan baie verlang daarvoor. Ek gaan baie mis, baie, baie mis . Ek is gewoon hier Woensdag , Donderdag om mekaar te wees. Nou gaan dit weer stil wees.

J : Ek is baie bly om hier te wees vanoggend . Ek dink dit is ook 'n vooreg en ek kyk vorentoe. Ek het baie geleer. Van hulle het ek ook baie geleer. En ek is dankbaar en kyk vorentoe vir nog.

SG : Soos wat het jy geleer , Jane !! in terme “hulle “ in die groep... **(Silence)**

JB : Daar is so baie , ek moet dink. Die “support “, goeie support.

- RJ : Goeie môre , ek het ook baie geleer uit die sessies uit. Dit is 'n voorreg om saam te wees met 'n groep, hoe om die kinders te handel . Soos ek gesê het ek is baie lief vir die kinders, ek het baie omgee vir die straatkinders. Maar ek het kom iets leer om aandag te gee aan my familie en nie net die buite kinders nie. Baie dankie vir die groep.
- CA : Goeie môre, ek wil net dankie sê vir die groep. Ek het baie geleer en wat ek geleer het, het ek vir my eggenoot gewys. En hy het gesien wat ek geleer het en hy het dit gedoen vernaamste met my twee dogters . Ek het al twee bladsye gegee en my oudste dogter het dit verstaan .
- SG : Ek het ook baie geleer van julle. Dinge wat julle vir my gesê het het my laat dink en dit het ek op 'n ander manier gebruik. Ek het geleer oor die dinge en situasies wat julle deurgegaan het en ook die feit dat julle bereid is om te leer . Julle voel julle is nie oud om te leer nie en om te sien hoe julle die teorie wat julle uit die groep geleer het in die praktyk gebruik het. Julle het ook my 'n ideë gegee wat die kinders ervaar en wat die kinders geleer terwyl hulle by Leliebloem House was. Terwyl die kinders by die inrigting is weier hulle om te praat. Weet julle wanneer hulle met ons praat ? Dit is miskien 10 jaar later of wanneer hulle kinders van hul eie het. Is daar nog wat julle wil vertel ?
- BA : Nie , ek voel gelukkig. As ek hiervandaan weg gaan dan voel ek baie gelukkig by die huis. Ek vertel die kinders hoe om te wees met mekaar en hulle ouers. My kinders sê ek is 'n juffrou by die skool.
- SG : Met die laaste sessie het ons gepraat oor goeie en verantwoordelike ouers. Make a choice between I control and I am perfect – I am Human. Ek maak ook foute dan kan julle daaroor praat. Ons het ook rolspel gedoen, hoe ons die kinders hanteer as hulle opstaan en as hulle nie die groente eet nie. Ons se normale reaksie wat ons voorheen gedoen het en wat ons nou moet doen. Voorheen het ons gekreeu en gekerriem . Maar ons moet ook besef daar is ander maniere om situasies te verander. Byvoorbeeld , elkeen het aan iets

gedink om die probleem op te los. Irene het aan die alarm klokke gedink en Belinda het aanbeveel om 'n bietjie vroeër op te staan.

Pause :

Vandag bespreek ons “new ways of parenting” jy sien somtyds doen ons dinge op 'n ou manier en dan werk dit nie meer nie. Nou moet ons dinge op 'n nuwe manier doen om te sien of dit sal werk of nie. Later in die dag sal ons termineer in die sesde sessie.

(Exercise)

Okay !!! elkeen neem 'n kaarte . Ek wil julle moet 'n kaartjie uitskryf , al teken julle of wat op die voorste kant van die kaartjie - en binne in skryf, niemand hoef dit te sien nie, julle kan dit vir julle self hou - skryf binne die kaartjie aan iemand in jou familie wie se verhouding met jou nie lekker is nie. Skryf aan hulle iets mooi of positief.

SG: I just want to know by you how you felt when you wrote the card. I don't want the details of the card just how you felt.

CA : Terwyl ek die kaartjie geskryf het, het ek baie goed gevoel. Ek het hierdie kaartjie aan my eggenoot geskryf, hoe hy nou gevoel het oor my. Ek het baie gevoel oor wat ek geskryf het .

RJ : Ek het my kaartjie met liefde aan Manuel geskryf want hy is die enigste probleem in die huis. Dit het my laat goed voel om te skryf, want as ek skrywe dan doen ek dit hard.....
(Crying)Want ek weet hoe bid ek vir hom

IB : Ek het nogal hartseer gevoel toe ek die kaartjie geskryf het. Want die klein kind wat ek het, aan haar ma geskryf...

JB : Ek het aan my dogter geskryf en sy het my seer gemaak, maar ek voel nou beter....

FS : Ek het vir my broer geskryf en ek het baie lekker gevoel ...

JS : Ek het aan my dogter geskrewe wat my so hartseer maak.

SG : As'n groep wat dink julle moet julle met daardie kaartjies doen ?

IB : Ek dink ek moet dit aan haar gee ...

BJ : Ek dink ek moet die kaartjie aan T, my seun gee of T, my ander seun maar daar is altyd 'n jaloersie tussen hulle twee.

SG : Ja , gee die kaartjie, hulle hoef nie te antwoord nie. We dealing with relationships and we want to move toward healthy relationships. Now who is the first person who has to move toward healthy relationships.

JB : Myself ..

SG : Exactly , dis ons né. En dit is maar net die begin om vorentoe te beweeg. They need not say anything , you just hand over the card to them. But if they want to say something, give them the opportunity. If they want to make fun of the card, that's okay, it's where they at. But the best thing is that as you said JB, "you feel relieved",you not sitting with those emotions.

New ways of parenting is important . You need to change the old ways. the new way is always different. Om 'n ouer te wees is nuut vir almal. Jy weet nie hoe jy die dinge gaan hanteer nie . As ouer gaan jou kinders ook eendag daardie rol vervul..

Hoekom het ons probleme ? Is dit goed ?

JS : Elke huis het sy probleme...

- SG : Ja , jy is reg, elke huis het sy kruis en som van ons het dieselfde probleme dis net verskillende mense. Dink jy probleme is goed ?
- IB : Ja , jy moet probleme hê, as jy nie probleme het nie dan kan jy nie leer daaruit nie .
- SG : Wat leer julle uit die probleem .
- JB : Hoe om dit op te los. Groot verskillende probleme, jy probeer om dit te “solve”.
- SG : Almal van ons sit met verskillende probleme, maar ons wil vandag hier weet hoe ons uit ons probleme kan leer , dan is dit ook `n nuwe manier om te leer. IB het gesê ons leer uit die probleem, JB het gesê dit help ons om te groei.
- FS : As jy nie probleme het nie , kan jy nie bid nie want jy sit moes lekker sonder probleme so daar is niks wat jy nie vir die Here kan sê nie . As jy probleme het dan kan jy die Here vra hoe kan ek uitkom , wat moet ek doen .
- SG : As jy nie probleme het nie , dan bid jy nie. Wat nog....
- RJ : As jy gebed het en die probleem is opgelos dan kan jy na die volgende persoon toe gaan en sê wat die Here vir jou gedoen het .
- SG : So jy kan na ander persone toe gaan en hulle ondersteun as hulle deur dieselfde probleme gaan. Wat sê dit van jouself . Wat het met jou gebeur in daardie tyd .
- RJ : Ek het dit uitgepraat .
- SG : Maar het jy nie gegroei nie ? Hoekom ek dit sê want jy kon daardie vrou advies gee want jy het deur daardie probleem gegaan. Al is probleem negatief, dit is ook positief . `n nog

'n punt is as jy by 'n probleem kom - moet jy wag en dit probeer uit werk. Moenie oorhaastig wees nie as die probleem kom. Dink 'n bietjie. Somtyds is ons te haastig en anstig en dan is ons uitgestres.

CA : Toe vanoggend was daar 'n groot probleem by ons huis. Ek was by 'n groot vrou en met haar gepraat. Sy sê dat my suster se dogter wat 7 o'clock vir haar wakker kom klop en sy is maar 82 jaar oud . Sy sê sy kan nie daai tyd opstaan vir water nie en ek het haar geluister en met haar gepraat. In die tyd toe ons praat hoor ek die geskellery buite toe is dit my suster. Toe kom my ander suster om te gaan baklei . Met die draai sê sy daar is jou suster. Ek sê toe vir haar dit is nie my probleem nie. Toe ons nader stap sê ek vir my broer, moet jou nie oorstres nie. Praat dit eers uit. Ek sê julle gaan nou stres maar ek gaan aan stap groep toe. Hy het vir my gehoor. Dis twee groot mans wat mekaar uitvloek en skel . Ek sê toe moenie skel nie hoor vir mekaar. As dit verkeerd is dan sê jy iets. My suster het eenkant gestaan en nie hul monde in gedruk nie en daar was stilte. Alles was gelos.

SG : Dit is belangrik anders kry ons kopseer. Dit is die stres. Ons gaan later volg met die doel van ouerskap. Wat ons kan leer. Kom ons praat oor ons se doelwit as ouers. Wat is ons se goals as ouers ? Elkeen as ouer het 'n goal. Wat wil jy bereik as ouer ?

IB : Om gelukkig te wees

JS : Om soos 'n verantwoordelike ouer op te tree.

SG : Daar is tye wanneer ons, ons kinders emosioneel moet los. Byvoorbeeld die mammies met hul seuns, veral as hulle eendag trou. Let go and let the situation work out by itself What other goal? Is there another one?

IB : Gee die kind vrye self-besluite

- SG : If we want to be the best for our children, we need to focus on the above goals and act as responsible parents. `n Nog `n manier is om te kyk hoe ons kan leer uit ons probleme en die goals en doelwitte daarvan. Dit sal miskien stadig gaan maar hou by die doelwitte. Dit sal miskien beter gaan met die tweede kind maar hou aan. Die derde nuwe manier van "parenting" is om kritiek te aanvaar. Hoekom sê ek so?
- JB : As jy foute het, iemand sê vir jou so, jy moet nie kwaad word nie , jy moet leer daarvan. `n Mens is geneig om kwaad te word as iemand vir jou kritiek.
- IB : As `n kind vir jou kritiseer. JS het net nou gesê haar dogter kritiseer haar omdat sy haar in die "home" gelos het, is weens haar onnoselheid - haar ma het dit teen goede bedoel.
- SG : Jy sien as jy miskien jou kinders so opbring . Die oudste gaan vra wat "try " mammië en daddie want jy probeer om die nuwe manier te gebruik met die jonger span. Jy try nuwe maniere om verantwoordelik te wees. Jy moet gereed of oop wees vir daardie kritiek. Hulle mag miskien julle uitlag. Maar solank jy daardie kritiek kan aanvaar is dit okay dan is jy oop vir alles. Veral as dit kom van ons se kinders en familie is dit meer hartseer.
- IB : En as hulle sien jy neem nie notisie van hulle kritiek nie dan sal hulle ook maar ophou.
- SG : Ditsem!! Ek dink jy het dit baie goed gedoen . Verstaan julle want sy praat van ervaring. **(Laughter)** Jy sê dit so pront uit. Want kyk as hulle die verandering sien in hoe jy M, jou seun hanteer. Hulle gaan sê maar mammië het nie dit toegelaat nie , toe ek sy ouderdom was nie. Jy aanvaar , hulle sal julle kritiseer. Wat het ons gesê , die besluitings wat jy maak, moet jy by staan . Julle is die ouers hulle is die kinders. Hulle sal later verstaan wat jy probeer doen. As hulle sien jy kan kritiek aanvaar dan moet jy besef jy gaan meer die deur ophou vir kommunikasie , want dan sal hulle meer met jou praat . So dis die drie punte wat ons gaan byhou :
- leer uit die probleem wat jy deurgaang;

- hou by jou doelwitte en goals;

- en om kritiek te aanvaar ;

ek weet ek praat baie, maar ek gaan julle ook 'n kans gee om te praat.

'n Kind sê vir jou mammie ek wil nie onbeskof wees nie maar elke keer as mammie vir ons opskep dan skep jy meer vir jouself en as ek vir nog kos vra dan sê mammie daar is niks meer nie.. As mammie, besef jy nie dis een van die redes hoekom die kind altyd gehuil het na aandete nie. Nou kan jy die kritiek aanvaar want jy besef die kind het jou dopgehou dat jy meer vir jouself skep en omdat jy nie oop was vir kritiek nie kon jy luister wat die kind jou probeer sê het nie. Maar toe jy oop was vir kritiek kon die kind met jou kommunikeer en jy het dan besef hoe hy/sy gevoel het .

RJ : Kan ek iets sê , my oudste dogter skep gewoonlik vir haarself, toe kom M, in en hy sien sy skep meer vir haarself en hy vat toe haar bord. Toe baklei hulle oor die kos . Gelukkig het ek ekstra gehad .

IB : Nie by my het ek nie 'n probleem nie , want daar is net 'n hele "figure study " **(Group laughed and shared the same sentiment.....)**

SG : When we looked at new ways of parenting, it was important that we speak about the things in the beginning. How we see ourselves? The self image. When we go through this session you will see how important you are as parents and you won't doubt your role in your family's life.

I have a JOB ADVERT in front of me . It has been placed in the newspaper. Hier op sê hulle wat en wie hulle nodig het vir die werk. Hulle soek ouers .Hoe is die ure van die ouers - hulle praat oor ure van die werk . Is dit 'n gewone 9 to 5 werk?

IB : Nee !!, nee ! Dit is 'n regdeur werk job **(Laughter)**

JS : Vir partye is dit reg deur maar nie vir almal nie.

SG : So dis lank ure... Is daar tyd af ? Want hulle vra vir die tyd af ?

IB : Nee, daar is nie tyd af nie

SG : Vaardighede nodig ? Dit bedoel die “skills “ wat benodig word. Die persoon soek nie `n verpleegster of dokter nie maar `n ouer. Watter “ skills “ as ouer het jy ?

IB : Skoonmaak , kosmaak

FS : Ironing and washing

JB : Jy moet prokureur wees, gardener...

RJ : Jy moet dokter wees

SG : As die kind iets verkeerd gedoen het wat moet jy doen ?Gee jy nie die kind opvoeding nie ? Watter ander vaardighede ? Jy gebruik die opvoeding skills en tuinery, skoonmaak , kosmaak, strykwerk , wasgoed, first aid, maatjie wees...

BJ : Liefde.....

JB : Sorg

SG : Okay !! , versorg , wat nog Dis al die vaardighede wat jy beskik . En jy het nie klas toe gegaan vir dit nie. Jy het getrain daarvoor nie maar automaties het jy die skills gehad.

JB : Ja , dis waar

SG : Wat anders doen julle nog ? Wie van julle ry ? Julle moet die bestuurder ook wees .

BJ : Gods diens.....

SG : Sondag skool onderwyser ..(Laughter) So die ouers se ure gaan lank wees, daar is geen tyd af nie. Die “skills” is baie , die persoon moet ook `n driver wees, moet kan leer , `n maatjie wees, moet kan konflik hanteer as `n prokureur , en moet ook in die tuin kan werk. Huis moet skoon gemaak word . Kos moet gemaak word. Die stryk goed en die wasgoed moet na gesien word. Jou hande en liggaam word gebruik in die tuinwerk en huiswerk. Ek het nie besef hoeveel “ skills “ (bekwaamheid)ons het nie. Is daar siekte verlov vir die ouer ?

JS : Die ouer kan nie siek word nie

SG : Kan daar siekte verlov wees vir die ouer ? Weens die omstandighede, is daar nie eintlik siekte verlov vir die ouer nie

JB : Nee , dit lyk asof die ouer gesond moet wees.....

SG : Verantwoordelikhede ! Wat soort verantwoordelikhede is daar , is dit klein, is dit . middelmatig, of is dit groot...?

JS : Dit is groot

SG : Opvoeding ; is daar training vir die ouers

JS : Ja , netbal of so ...?

SG : Nee, is daar training om `n ouer te wees ? Sal ek dit so stel .

JB : Dit kom met instink nie daar is nie opleiding nie .

SG : Opleiding is minimaal .Wat van kontrole punt ? By dit bedoel hulle as ek laat werk toe kom moet ek gaan verduidelik aan my baas. Dit is die “control point “. In hierdie situasie is daar geen kontrole punt. Why is there no controlling point ?

FS : Omdat jy op jou eie werk, daar is nie baas nie, jy is jou eie baas.

SG : Dis korrek jy is jou eie baas en jy is jou familie se baas. Jy moet na dinge sien soos dit opkom. So die “ job ad “ soek vir `n ouer. Die ure is lank , jy werk reg deur. Tyd af , daar is geen tyd af. Ooo !!! die belangrikste , geld (**laughter**). Jammer geen geld.

SG : Is daar siekte verlof ?

IB : Nee, daar is geen siekte verlof .

SG : En verantwoordelikheid ?

CA : Dis `n groot verantwoordelikheid

SG : Wat het julle uit hierdie oefening geleer ?

JB : Net hoe belangrik is ek as ouer. Ek is belangrik .

RJ : Ek stem saam , ek sien hoe belangrik is ek , hoe kostelik is ek want ek het nooit al die dinge geweet nie. Ek het baie kom leer.

SG : Die dinge wat jy gedoen , het jy automaties gedoen omdat dit moes gedoen word.

All : Ja , Ja dis waar

SG : Want jou mammië het dit gedoen en sy het haar mammië sien dit doen.

FS : Ek het nie geweet ek is so belangrik nie , nou weet ek is so belangrik. Ek doen baie.

SG : En nou kan jy vir hulle sê kom betaal vir my ... **(Much laughter)**

RJ : Soos hulle sê mammië ons het nie geld , ja sê ek julle sal my nooit kan terug betaal nie vir wat ek aan julle gegee het .

BJ : Maar kyk wat moet ek doen in die huis, kosmaak, skoonmaak, agter julle kyk . Dis baie wat 'n mens moet doen.

IB : Ja , die doeke ook...

CA : Nou na die sterilasie is ek meer siek as gesond , maar al hierdie dinge wat opgeskryf is op die bord , is alles wat ek alleen moet doen . En as dit kom by kos tyd en my rug vat my aan en dan sê my eggenoot asseblief, as ek nie my vrou se kos eet nie dan eet ek niemand se kos nie.

SG : Ja , dan moet jy dit ook hanteer..

CA : Al pyn my rug maar dan moet ek by die kos tafel staan.....

BJ : As my man eerste gewerk het, en hy kom terug dan staan ek sommer 6 `o clock nog voor die potte . Is daar niks klaar nie ? Dan sê ek nie, ek moet dan huis skoonmaak, kinders versorg. Ja, maar ek werk dan sê hy.

IB : Jy is nie ek nie, jy is nie ek nie..... (Laughter)

RJ : Ek is altyd laat

SG : As 'n mens klein kinders het, dan is dit 'n bietjie moeilik. Jy moet maar jou tyd in span met hulle s'n. As ouers moet julle altyd besef julle is kostelik, nie net aan julle familie nie maar ook aan God. Julle is kosbaar aan julle kinders en man. Hulle sal dit nie altyd sê nie maar wees net siek vir twee of drie dae dan sien jy hoe hardloop hulle rond.

IB : As hulle by die deur in kom dan vra hulle waar is mammie ?

SG : So jy is belangrik, onthou baie van die negatiewe energie of emosies wat hulle mee sit word na jou toe gegooi. Die naaste persoon aan hulle. Wie is die naaste, die ma is dit nie so nie? maar so lank ons nie die negatiewe houding aanvaar nie en dit verander na 'n positief sal dit verbeter .

END OF SESSION 5

- SG: Okay, as julle net vir my kan sê , ons het oor baie dinge gepraat in al die sessies en as ons klaar is gaan ons dit evalueer. Ons kom nou aan die einde of sal ek sê ons termineer. Die laaste van ons sessies , gaan oor hoe om positief te wees as ouers. Sê vir my hoe wil julle, julle lewenstyl verander as dit so is . Wat is daar - in julle lewenstyl wat julle nou geleer het en wil verander. Byvoorbeeld, ek het geleer om beter verhouding te bou. Ek wil nie hê dat almal moet dieselfde voorbeeld gebruik wat ek nou gebruik nie. Ek het geleer om gesonde verhoudinge te bou . Wat het julle geleer. Wat kan jy vir die familie verbeter ? Or what are you longing for that can be better in your family?
- CA: In my familie wil ek graag verlang dat ons mekaar beter verstaan.
- SG: So jy verlang vir meer verstaanbaarheid en liefde .
- JS: Ons het geleer van die goeie ouer en die perfekte ouer. Ja, ek besef `n mens moet nie alleen goed wees nie maar ek wil meer `n verantwoordelike ouer wees.
- SG: Jy wil meer “human “ wees .
- JS: Ja , dis reg ek wil aan hulle sê ek maak ook foute , julle kan vir my ook help.
- IB: Ek het besluit om situasies beter te hanteer.
- SG: Jy sê IB dis wat jy graag wil hê in terme van jou familie. Jy wil dit graag verander. Wat nog
- FS: Ek wil graag hê - toe ons so mooi gebly het by die familie, ek het geleer ons moet meer maak, dat ons meer mekaar kan vertrou....
- SG: Okay, so jy verlang vir meer vertroue. Jy kan sien die verskillende opinies. CA verlang vir

meer verstaanbaarheid en liefde wat sy graag in haar lewenstyl wil verander of hê en sy gaan saam met familie daarvoor werk. JS wil graag weer menslik wees in haar benadering met haar kinders. Sy wil nie perfek wees nie, sy wil saam met hulle werk. IB sê wat sy graag wil hê, is dat haar familie, die besluite wat hulle neem of maak - hulle kan dit beter hanteer as hulle mekaar respekteer vir die besluite wat hulle neem.

Waarvan FS praat is dat sy graag meer vertrouwe wil sien in haar familie. Want om vertrouwe te hê moet julle oop wees met mekaar. So julle moet "transparent" wees in julle eie huis - byvoorbeeld as jy voel die kind is oud genoeg om sekere dinge te verstaan en dit help die kind, dan moet jy oop wees met die kind of man. Nog iets... ?

JB: Meer geduldt

SG: Sien, julle sit met al die informasie maar julle sê julle weet niks....

RJ: Voor ek nou hier is nou. My skoonsuster en ek praat meer met mekaar vandat ek die groep bywoon. Ek wil net gehê het, altyd as ek praat in die huis, wil ek net hê sy moes dit gedoen het. Ek is mos die huisvrou, nou as ek vir haar iets sê dan ruk sy vir haar op. Nou weet ek nie wat om vir haar te sê nie. Dan dink ek los maar vir jou, jy is nie in 'n goeie "mood" nie. Maar ek sê ons is familie ons moet mekaar help in die huis.

SG: Mekaar meer help, mekaar meer help om te luister. Ons moet meer mekaar luister. Miskien moet julle praat en mekaar luister om mekaar te verstaan. Sien al die informasie wat ons ontvang het. Dis wat julle kan op werk. Dit kan julle as visie stel om dinge te verander in ons familie. Baie keer wil ons graag hê die situasie moet verander maar baie tye moet ons eers verander om deur die situasie te werk. Julle moet aanvaar dat julle die eerste is wat die veranderings moet maak. "That will come from you first".

Accept the criticism and remain open to change. Moet nie jouself blameer nie. Miskien sê jy ek het nie geweet my kinders gaan so uitdraai nie, maar probeer as ouer om hulle te help met die veranderings. Onthou wat ons gepraat het oor rolmodelle. As jy byhou met

jou doelwitte en jy is die rolmodel daardie kind gaan jou dophou. As jy net sy kritiek ignoreer, en miskien nie kwaad daaroor raak nie, hou net stil, doen maar net dieselfde totdat hulle die prentjie kry oor en oor. Hier gaan ons verander.

SG: Dink 'n bietjie terug aan al die sessies en hoe julle gevoel het met die eerste sessie. Julle hoef nie te sê wat julle geleer het nie maar net julle gevoelens. Hoe het dit vir jou gehelp tot by die laaste sessie, want ons termineer nou. Hoe voel julle nou - die feit dat julle klaar maak vandag? Maar voordat ons dit doen wil ek twee belangrike punte bespreek. Vir elke ding wat jy doen is daar 'n aksie en verkwaatsing. **(Reflection)**

Dis 'n mooi woord ne. Dis amper soos jy reflect of dink daaroor. Kinders en grootmense leer verskillend. Nou groot mense leer uit ervaring. Baie van ons het nie die "opportunity" gehad om matriek toe te gaan nie. Maar die dinge wat ons ervaar het in ons se lewe, leer vir ons oor die lewe. Dink aan hierdie model. In alles wat jy doen is daar aksie en alles wat jy doen moet jy "reflect". Moet jy dink aan wat jy gedoen het. As dit kom by aksie - to do, we look, we think, we plan. Voordat julle monde in aksie kom, moet julle eers dink wat julle gaan oor praat. So dink oor wat jy gaan praat en dan beplan jy dit. In elke situasie in jou lewe moet dit so wees. Enige probleem wat jy hanteer moet jy daarvoor dink: het jy die regte ding gedoen of nie, en dan beplan jy iets anders of nie. Enige vrae oor wat ons bespreek het?

All: Nee, ons verstaan.....

(Silence, most of them was just absorbing the information)

SG: Okay, nou kan ons praat, hoe julle gevoel het in die sessies.

IB: Juffrou, toe ek nou drie weke gelede hier ingestap het, dis nou in die groot saal. Ek het 'n bietjie senuweeagtig gevoel want ek het nie geweet waar of wat nie. Maar toe sommer van die eerste sessie toe juffrou nou verduidelik, het ek nou meer ontspan en ons het mekaar leer verstaan, hierdie mense leer ken. Daarvan af het dit vloot gegaan. Ek moet

sê dis 'n jammerte dat dit vandag die laaste sessie is want ek het dit geniet.

JS: Ek voel ook so , ek het ook nou senuweeagtig gevoel , toe dink ek waarom gaan dit . Ek kan ontspan, en nou vriende gemaak en nou is dit die laaste. Nou gaan ons mekaar mis en ek het gedink maar ek gaan vir hulle “ hug “ as ons klaar is.

FS : Die eerste week, die eerste keer, ek was so bang gewees. Maar toe ek in kom, toe sê oh!!! dis net ek alleen wat “native” is. **(Another word for black person.)** Wat gaan ek hier maak, wat gaan ek hier praat.

JB: **(Laughter)** Die liefste.....

FS: Nou , na die paar weke, ek het so gewoon nou, voel vir my asof dit is 'n suster wat ons, die Here laat moet mekaar kom, en mekaar gepraat het. As dit nie so mooi gewees het, dan sal ek nie hier gewees het nie. Woensdag en Donderdag die dae was so mooi vir my en so lank want ek was “happy”. Want ek wil graag meer leer, want ek het so baie woorde geleer , wat ek nie van geweet het nie. Ek is so bly daarvoor.....

IB: Gee haar 'n handklap .. **(Applause)**

RJ: Ek stem saam ek was ook senuweeagtig toe ek hier gekom het, maar ek dink aan die dag - die Here moet die senuweeagtig wegneem. Om met die ander moeders te gesels voel ek net 'n blydschap in my kom op. Want hier was my kinders en ek het iets kom leer. En ek wil lankal heentoe gekom het, maar ek het nooit geweet hoe om te kom nie. Ek wil sê dankie , ek wil 'n geskenke koop, ek wil iets doen maar ek het nooit so ver gekom om dit te doen nie. Maar toe maak die Here dit moontlik dat ek vandag hier is waar my kinders gewees het. En ek het die moeders ontmoet en hulle hier kom kry. Net 'n jammerte dat dit end en dit is die laaste sessie vandag. Ek voel so gelukkig , as daar 'n probleem is, dan dink ek aan die sessie wat ons geleer het. En dan gaan dit sommer weg en dan het ek nie

gebid nie, dan dink ek net aan die saak.....

CA: Ek moet dankie sê vir hierdie session wat ek gekry het. Toe ek in kom het ek myself geweet nie waarom dit gaan nie. Maar toe ek begin praat het , het ek baie beter gevoel alhoewel ek baie gehuil het. My trane het baie geloop , maar ek was baie gelukkig. Ek het baie min vertroue gehad in myself maar toe ek luister hoe elke groot mens praat het ek baie vertroue in myself begin opbou en in my kinders. Ek is baie spyt ek maak klaar.

BJ: Ek is baie bly , ek nou hier gewees het, ek het nou nie al die sessies bygewoon nie, ek het een uitgelaat , maar ek is bly dat ek nou weer hier kon gewees het. Maar ek is bly dat ek nou hier geleer het. Maar as ek nou weer by die huis kom dan dink ek . Dan staan ek op en dink ek moet hier wees of nie. Donderdag vra my man wanneer moet ek groep toe gaan. Ek is bly dat ek hiergekom en ek was op my senuwees want ek het nou nie geweet oor wat dit gaan wees nie.

JB: Baie dankie vir Mev SG, baie dankie dat ons almal bymekaar gewees het. Ek dink dit is 'n baie goeie idee. Dit is 'n jammerte dat dit klaar is .

SG: Ja , ek voel ook so, dit is amper asof 'n mens wil voortgaan met dit en miskien gaan ons nog voort met 'n "advanced " groep. Daar is so baie wat ek geleer het van julle . Daar is so baie wat Leliebloem House geleer het. Ek as persoon en Leliebloem. Ek kom as 'n verteenwoordige van Leliebloem, hoe ons graag as 'n organisasie wil werk en ek werk hand in hand met die prinsipaal en dit is belangrik dat ek weet hoe jy voel want dit is die eerste ding wat hy my vra. Hoe is die ouers? Hoe voel hulle? Dan kan ek aan hom verduidelik hoe julle as ouers voel. Ek wil net dankie sê vir julle tyd wat julle opgeoffer het. Daar was baie diep dinge en privaat dinge wat julle oor gepraat het en ek is dankbaar vir dit, en ek waardeer as ons die privaatheid kon respekteer het. Dit was lekker vir my om die ou kinders te sien en te hoor wat gebeur het toe hulle uitgeplaas was.

END OF SESSION 6